
# OLOFF DIE SEEROWER

No. 23



Die deur bars oop. Mesud is eerste oor die drumpel. Agter hom volg 'n tiental soldate.


Maar Oloff-hulle is gereed vir hulle. Die aanval is eenvoudig en reguit. Selfs nou is Mesud 'n tree van hom af en sy sabel omhoog voordat Oloff die sneller van sy pistool trek. Mesud slaan vooroor neer en Oloff moet opsy spring sodat hy nie teen hom val nie. Sy voete haak teen die poot van die stoel en hard slaan hy agteroor neer. Die tien soldate dryf op Henning-hulle af en twee van hulle is op Oloff onderwyl hy nog besig is om orent te kom.

Sonder aarseling dryf sy swaard op die een af, maar voordat hy sy arm kan terug ruk, tref 'n harde slag hom en word dit swart voor sy oë.

Stofomslag: Chris du Plooy

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 23



# HOOFSTUK 1

"Oloff!" bulder Henning Roux. "Waarom talm jy? Ons moet vlug! Ons enigste kans is teen die heuwels uit."

Die hoofstraat van Wagenaarsrust is helder verlig deur die gloed van brandende geboue. Bo die gekap en geskuur van sabel op kromswaard en die enkele geknal van pistoolskote waar daar nog ruimte is om te vuur, weerklink die gil van 'n vrou. Waar Oloff vasgesteek het, kyk hy terug na 'n huis aan die oorkant van die straat.

"Daar is nog 'n paar vrouens vasgekeer, Henning. Ons moet hulle red."

"Dit is dwaas!" skreeu Henning bo die rumoer uit. "Jy soek jou dood, Oloff! Ons mense is almal reeds uit die dorp. Ons moet hulle volg en beskerm. Jy kan alles nie in die weegskaal werp vir 'n enkeling nie."

Maar reeds het Oloff omgeswaai. Die vlamme weerkaats rooiflitsend op die blink staal van sy swaard. Hy storm tussen die vegtende, worstelende menigte in.

Henning sug. Hy ken Oloff. Hy weet dat Oloff homself verantwoordelik hou vir die veiligheid van elke inwoner van die nedersetting. Oloff weet dat hy, Henning, hom sal volg. Daarom het hy hom nie eens geroep nie. Daarom het hy geen ag op Henning se waarskuwing geslaan nie. Hy het die volste vertroue dat Henning en elkeen van die verdedigers in die omtrek, die stormloop met hom sal meemaak.

Die bloed bruis deur Henning se are. Hoeveel keer het hulle nie reeds saam geveg nie. Hoeveel keer is dit nie bewys dat die sterkste linies verbrokkel het voor 'n onverskrokke aanval deur Oloff nie -soos 'n spies wat teen die vyand gewerp is - 'n spies waarvan Oloff die punt uitgemaak het en Henning en Sias en Heem en Oloff se goed geoefende manskappe, die vlymskerpe, snydende flanke.

"Volg my!" dreun sy stem.

Die verdedigers val al vegtend tree vir tree in die hoof straat terug, en die vrouens en kinders kry die geleentheid om die veiligheid van die donker heuwelhange te bereik.

"Volg my en ..." Die woorde sterf of Oloff se lippe. Hy sien die kruitflits skaars tien tree van hom af. Die slag van die koeël wat hom in sy linkerskouer tref, slinger hom terug teen die muur van die gebou agter hom. Sy bene swik onder hom en hy sak op die sanderige sand neer. Sy oë word dof en die voorwerpe om hom heen swem in dynserigheid rond. Hy skud sy kop. Hy probeer orent kom, maar sy hele linkersy is lam en die beweging van sy regterarm is soos die hulpelose poging van 'n voël wat met een vlerk deur die lug kap maar nie kan opstyg nie.

"Heem!" probeer hy skreeu, maar sy stem is skielik hees en daar kom net 'n krapgeluid uit sy keel. 'n Bedwelmende pyn skiet deur sy bors. Hy kreun, en lê dan stil.

Dan flikker sy oë na die linkerkant toe. Hy sien die reuse-gestalte van die bebaarde kanonnier, Heem Beyers, wat soos 'n verwoede bul agter Oloff aan nael. Hy hoor Heem se oorlogskrete en sien die verwoesting wat met die massiewe sabel gesaai word terwyl Heem en 'n paar van die verdedigers beur om hom te bereik. Hulle druk die aanvallers terug, maar aan weerskante vou die oorweldigende meerderheid van die vyand om hulle toe.

'n Gevoel van magteloosheid oormeester Henning. Hy verwens die noodlot wat op hierdie oomblik moes verhoed dat hy sy vriend en leier kon volg. Maar sy oë gloei van trots onderwyl hy die magtige skouspel gade slaan. Hy sien die vlammende rooi van Oloff se hare en die swaardarm wat uitputtingloos, omhoog gaan en kap en steek en keer. En digby Oloff, die massiewe skouers van Heem wat die aanranders soos velle om hom heen laat val.

Henning hoor die kreun van verbystering en die bloeddorstige juigkreet voordat hy besef dat hy Oloff nie meer kan sien nie. Daar waar hy nog 'n oomblik vantevore was, het hy verdwyn soos 'n drenkeling onder die donker waters wat nou oor hom toeslaan. Dan weergalm die gebrul van Heem Beyers soos dié van 'n gewonde leeu.

"Terug," gebied hy die manne om hom. "Val terug en beskerm jul vrouens en kinders!"





Hyself beur vorentoe. Hy kloof 'n pad na die plek waar Oloff geval het. Maar daar is te veel van die vyand om hom. Hulle sak op hom toe soos miere op 'n olifant. Hy sleep hulle met hom saam en slinger hulle deur die lug, maar dan trek hulle hom neer en storm oor hom agter die vlugtende verdedigers van Wagenaarsrust aan.

Henning se kop sak op sy bors. Wanhoop en 'n gevoel van eindelose verlies oormeester hom.

Dan is dit die einde van Oloff die Seerower! Dan het hierdie verraderlike aanval - hierdie messteek in die rug - die beskermer van die oopsee, die bevryder van onderdruktes en die verwoester van euwels, die ewigheid ingestuur. Is dit dan soos Oloff moet sterf - die man wat die handelroetes van die see van die wêreld veilig gemaak het!

Soos 'n drenkeling voor wie se geestesoog die tonele van sy lewe verbyflits, herleef Henning die magtige oomblike wat hy saam met Oloff deurgemaak het. Toe Oloff se vader, 'n ryk koopman aan die Kaap die Goeie Hoop, jare gelede deur seerowers vermoor is, het Oloff 'n eed geneem om nie te rus solank 'n enkele kaperboot nog op vrye voet verkeer nie. Oloff het daarin geslaag om twee pragskepe te bekom, die Seewraak en die Jansje Meer. Hy het hom tussen die seerowers gevestig onder die voorwendsel dat hy ook 'n seerower was sodat hy hulle beter kon beveg. Sy bemannings, onder andere Henning, vir wie Oloff aangestel het as kaptein van die Jansje Meer, is almal mense wat hy uit seerowerkloue en slawerny bevry het en wat hul lewe aan hom verskuldig is. Vir 'n lang tyd was die wêreld onbewus van Oloff se werklike identiteit, en is hy as die magtigste seerower van almal beskou.

Uiteindelik, nadat hy die kapers aansienlik uitgedun het, het hy met die Hollandse vloot saamgespan en is die roetes na die Ooste met een felle slag skoongevee van die skuim van die see. Oloff is verhef tot erekaptein van die vloot van die Hollandse Oos-Indiese Kompanje. Hy het egter verkies om hom saam met sy bemannings hier aan die suidelikste punt van Afrika te vestig. Hy het die nedersetting Wagenaarsrust gestig en sy manne van alle verpligtinge

onthef en hul die keuse gegee om terug te keer na hul geboortelande. Maar almal het verkies om by hom te bly. Party het gegaan om hulle gesinne te haal en teruggekom. Gerieflike opstalle het op die oewers van die Karsrivier verrys. Boorde en netjiese tuine is teen die hellings van die heuwels aangelê. Groot troppe vee het op die koppe gewei.

In die heerlike klimaat het hulle in hul verdiende rus verlustig. Maar af en toe het die soutbelaaide aandwindjie hul oë laat gloei en het die gedruis van die branders hulle laat terugdink aan die oopsee en die gerol van die skip onder hulle, en het die bloed vinniger deur hul are gevloei. Dan het hulle verlangend na hul sabels en pistole gekyk waar dit teen die muur hang, en daar het 'n dawerende gejuig opgegaan elke keer as hul tyding ontvang het van seerowerbedrywighede. Sulke tye was geen bevel van Oloff nodig nie. Dadelik is voorrade aan boord die Seewraak en die Jansje Meer gelaai waar hulle rustig, maar altyd skoon en gereed, in die mond van die Karsrivier voor anker lê. Singend en juigend het hulle met hoogwater uitgevaar om ná maande van die uithoeke van die wêreld af terug te keer nadat vreemde kapers die dieptes ingestuur is en seerowervestings verwoes is.

En nou is dit alles daarmee heen. In die donkerte van die nag, sonder die minste waarskuwing, is 'n verwoestende aanval uit die binneland op Wagenaarsrust geloods.

Daar word altyd 'n paar wagte om die nedersetting gestel. Dit is nodig want Oloff se reputasie as vyand van alle seerowers is dwarsdeur die wêreld bekend en gedurig bestaan die gevaar dat 'n poging aangewend sal word om op Oloff wraak te neem. Die grootste gedeelte van Wagenaarsrust se verdedigingswerke is egter aan die seekant opgerig.

Henning het 'n rustige aand met Oloff en Heem deurgebring. Hulle het vroeg ingekruip en is ru in hul slaap verstoor toe hul die waarskuwende skote van die wagte hoor. Oombliklik was elke weer bare man op die been, maar so roekeloos was die stormloop van die aanvallers, dat hulle skaars geleentheid gehad het om die rigting





van die aanval en die getalle van die aanvallers vas te stel, voordat die geveg reeds aan die gang was. Oloff het dadelik agtergekom dat hulle 'n oorweldigende oormag teen hulle het. Onmiddelik het hulle begin om die dorp te ontruim. Van straat tot straat het hulle stadig teruggeval.

En net toe Henning gemeen het dat die vrouens en kinders 'n groot genoeg voorsprong het en dat dit die verstandigste sal wees om pad te gee om verdere verliese te voorkom, het Oloff die vrou hoor gil en teruggespring.

Nou dring dit dof tot Henning se verstand deur dat dit stil is om hom. Buite die nedersetting is daar af en toe nog die geknal van 'n pistoolskoot, maar andersins het die rumoer bedaar. Vaagweg is hy daarvan bewus dat die oorwinnaars die huise plunder en aan die brand steek.

En dan hoor hy 'n nuwe klank. Sy kop ruk op. Hier en daar beweeg gestaltes in die straat voor hom rond. Maar daar waar Oloff geval het, staan 'n paar man in 'n groep bymekaar en die geluid wat hy gehoor het, is die honende lag van een van hulle.

Hy herken hom dadelik. Hy herken die fyn moestassie onder die krom, adellike neus. Hy sien die dik, sensuele lippe, die sterk ken en die breë voorkop onder die satyntulband. Hy ken die blas gelaat van Mahara Jaman Malik, prins van Zanzibar.

En baie dinge is nou vir hom duidelik. Tot dusver was die oorsaak van die aanval en die identiteit van die vyand vir hulle duister. Nou weet Henning dat hierdie Oosterse prins kom wraak neem het. Skaars 'n jaar gelede het Malik met sy smal, vinnige skepe die suidelike kus van Afrika geteister. Hy het elke nedersetting en seedorp binne sy bereik oorrompel en die inwoners ontvoer om op die slawemarkte van die Ooste te verkoop. Dit het goed gegaan totdat hy met Oloff te doen gekry het. Oloff het die gevangenes bevry en Malik stert tussen die bene teruggejaag na Zanzibar.

'n Diepe haat styg in Henning op. Hy sien die swart oë wat so smalend op Oloff se roerlose liggaam rus. Hy hoor die leedvermaak in Malik se stem en hy word blind van woede. Hy probeer homself

oplig, want daar bestaan hy hom net een begeerte - hy wil die gewetenlose skurk aan die keel beetkry en die lewe uit hom wurg. Maar toe hy homself probeer roer, skiet die verlammende pyne deur hom. Dit word swart voor sy oë en Malik se woorde sterf uit sy bewussyn weg.

"Daar lê hy, Mesud," sê die prins tevrede vir die jong Arabier langs hom. "Die magtige Oloff! Kyk hoe lyk hy nou!"

"Dit is benede jou om hom te verkleineer, Jaman," antwoord Mesud glimlaggend. Hy spreek die prins as sy gelyke aan. Sy oë is wakker en veglustig en aan die houding van sy jong lenige liggaam is dit duidelik dat hy spyt is dat die stryd verby is. "Hy was die waardigste van alle teenstanders wat jy nog gehad het. Dit is 'n trotse dag vir jou om te kan sê dat jy Oloff die Seerower van die gras af gemaak het. Sonder jou vernuf en deeglike beplanning sou sake miskien nie so goed verloop het nie.'

"My verlustiging in sy huidige toestand is van 'n heel objektiewe aard," antwoord die Prins bedaard. "Subjektief voel ek jammer. Kan jy jou voorstel hoe 'n pronkstuk hy op die slawemark sou gewees het."

Mesud lag. Hy buk oor Oloff.

"Ek onderskat jou altyd, Jaman," sê hy oor sy skouer. "Ek behoort te geraai het dat dit jou geen tevredenheid sou gegee het om Oloff net dood te maak nie. Dit sou lafenis vir jou siel gewees het as jy jou wraak verder kon gevoer het - sal ons sê, so 'n knypie van vernedering sou die dis van jou vergelding smaakliker gemaak het."

Malik antwoord nie. Hy kyk om hom heen. Meeste van die opstalle is in ligte laaie. In die straat het sy manne hul buit in hope opgestapel. Hy wend hom tot een van sy offisiere wat gedienstig 'n paar tree agter hom staan.

"Vind uit hoeveel gevange geneem is. Roep die manne terug. Die hoofdoel van ons aanval is bereik. Laat dié wat ontsnap het maar hul gang gaan. Ek .."

"Jaman!" roep Mesud skielik hier voor hom. "Oloff leef nog!"





Stadig buk die Prins. Dit is amper asof hy bang is om te glo wat hy gehoor het. Hy kyk na die bleek gelaat, bebloed van die wond aan die slaap. Hy sit sy oor naby Oloff se neus.

In sy oë gloei 'n duiwelse lig toe hy weer orent kom. Sy beker van wraak is vol.

"Ons vertrek dadelik," gebied hy sy offisiere. "Neem Oloff aan boord die vlagskip. Ontbied die geneeshere. Sit hom in 'n kajuit langs myne." Sy dik lippe krul af. Sy swart oë blits.

"Behandel hom soos die kosbaarste juweel. Enigeen wat sy kanse om te lewe belemmer, sal sterf!"

Die offisiere bulder hul bevele uit. Die manskappe spring na die hope buit en begin dra dit strand toe, angstig dat hulle nie alles aan boord sal kry voordat hulle moet vertrek nie. Een van sy luitenante buig voor Malik.

"Nie 'n enkele gevange nie, Hoogheid," kondig hy aan. "Hulle het óf geveg tot hulle geval het, óf hulle het ontvlug.

"Laat hulle gaan."

"En die gewondes?"

"Laat hulle lê. Ons vertrek dadelik. Teen ligdag wil ek so ver as moontlik hiervandaan wees."

Hy stap self langs die paar man wat vir Oloff dra. Hy sit self hand by toe hulle hom in die skeepsboot tel. In die baai van Wagenaarsrust lê 'n sestal vaarders. Hulle was agter die landengte verskuil en het eers nader gekom toe die geveg reeds aan die gang was.

In die luukse-kajuit langs sy eie staan prins Malik besorg by die patryspoort. Die skip is reeds in beweging en rol net liggies oor die deinings. Beurtelings kyk hy uit in die doker nag na die sterre en na Oloff wat op die slaapbank lê. Die geneesheer kom orent. Hy het Oloff se wonde gewas en verbind.

"Hy het 'n harde hou teen die kop weg," deel hy Malik mee.

"Ek stel nie belang in wat gebeur het nie," antwoord Malik ergerlik. "Ek wil weet of hy sal lewe."

'Met deeglike versorging mag dit so wees."

"En dit is jou werk," sê Malik stadig en afgemete. Jy sorg dat hy lewe. Ontsien niks en niemand. Die hele vloot is tot jou beskikking. As die beweging aan boord te veel is, kan ons aan land gaan. Enigiets, verstaan jy? Sorg net dat hy lewe!"

"Ek sal my bes doen, Hoogheid. Op die oomblik moet hy maar net rus."

"Gaaf. Laat 'n kajuit hier langsaan ontruim en trek self daarin. Jy moet digby bly."

Die arts buig en verlaat die kajuit. Malik bly daar in sy eie gedagtes versonke. Sy swart oë rus of Oloff.

Daar is 'n ligte klop aan die deur. Hy kyk op toe dit sonder meer oopgestoot word. Daar is min mense wat dit sal waag om onaangekondig in sy teenwoordigheid te kom. Maar toe hy sien wie dit is, versag sy strakke gelaat en daar is selfs 'n sweem van teerheid in sy oë.

"Leef hy nog, Jaman?" Haar stem is sag, maar vol en die klank is liefkosend in sy ore. Haar groot oë is donker onder die swart wenkbroue. Haar neus en mond is fyn en volmaak gevorm. Haar swart hare is glad oor haar kop teruggekam en met 'n kam vol skitterende juwele in haar nek vasgevang. Die ryp, sagte rondings van haar slanke gestalte word afgebeeld in die ligte bloes en lang satynbroek met die breë pype wat bollend oor haar enkels val.

Soos altyd staan Malik verstom voor die skoonheid van sy suster. Dit is nie die eerste keer dat haar lewenslustige, avontuurlike natuur geweier het om agter sluiers in die harem van haar vader, die Sultan van Zanzibar, ingehok te wees nie. Sy het al meermale daarin geslaag om haar broer op een van sy reise te vergesel. Dan verwerp sy die sluier en formele drag en beweeg sy vry en gemaklik in die staatskwartiere rond waar net Malik en sy intieme vriende haar kan sien.

"Hy lewe nog, Jaharidi. Maak die deur toe sodat hy nie gesteur word nie."

Sy stoot die deur toe en haar tred is statig, maar lig en vry. Sy stap tot langs Oloff en 'n rukkie lank aanskou sy hom in stilte.





Haar oë dwaal oor die vlammende rooi hare wat in sy nek vasgeknoop is. Die oë is toe, maar sy sien die reëlmatigheid van sy sterk gelaatstrekke. Selfs nou skyn 'n manlike krag deur die rustigheid van sy beswyming. Bo die rand van die kombers sien sy die breë skouers uitsteek.

"Hy is aantreklik, Jaman," sê sy amper fluisterend en toe sy na hom opkyk en hy die vreemde gloed in haar oë sien, frons hy liggies en verbaas.

"Hoe praat jy nou Jaharidi? Hy is my grootste vyand."

"Ek weet." Hy kan haar skaars hoor, want sy het weer na Oloff afgekyk. "Dit is 'n groot oomblik vir jou, Jaman," sê sy dan. "Jy sou nooit gerus het voordat jou wraak versadig is nie. Jy sou nooit gerus het solank hy nog gelewe het nie."

"My wraak is nog lank nie versadig nie," antwoord hy ernstig. "Eers moet hy genees word sodat hy die vernedering kan smaak wat hy my aangedoen het."

"Dan gaan hy saam met ons?" Daar is 'n flikkering in haar groot oë.

"Natuurlik." Sy oë vernou effens, maar hy glimlag. "Jy moet dat Mesud hoor hoeveel jy belang stel."

"Mesud."Sy haal haar skouers liggies op. "'n Mens sal sê dat julle my reeds aan Mesud uitgeveil het."

"Almal verwag tog dat julle sal trou, Jaharidi. Jy weet dat Mesud jou aanbid."

"Dit is my saak, Jaman. My hart is nog my eie.

"Hy is my beste vriend, Jaharidi."

"Is julle vriendskap meester van my liefde, Jaman? Is jou hart vasgevang deur een van my vriendinne?"

Hy kyk weg en sy weet dadelik wat in sy gedagtes omgaan. Sy stap nader en sit haar hand op sy skouer.

"Ek weet dat jy om twee redes hierheen gekom het, Jaman. Jy kan haar maar net nie vergeet nie."

"Ek sal haar nooit uit my gedagtes kry nie, Jaharidi."

"Het jy haar vanaand gesien?"